

My Getuienis

Die Here was nog altyd daar, as kind het ek hom leer ken. Ek het Hom aanbid en Hy was deel van my, maar ook nog nooit deel van my nie. Na die naweek van 10 April op die #Imagine Jeugkamp is my lewe verander en ek het 'n nuwe uitsig op lewe en my geloof in God.

Ek het so op die ouderdom van 8/9 my hart vir die Here gegee en nog altyd Sondag kerk toe gegaan. Vir 2 jaar nou gee ek ook Sondagskool vir Gr. 6 kinders by ons kerk. Maar om eerlik te wees het dit geen effek op my gehad nie.

Soos wat ek ouer word (ek is nou al 16) bly ek hoor van mense wat hoendervleis kry as hulle praise and worship, of begin huil omdat die liedjie hulle diep geraak het. Ek kon dit nooit verstaan nie en ook nie myself indink hoe dit voel nie.

Die naweek by die # Imagine kamp was 'n nuwe "experience" vir my en 'n GROOT "eye opener". Gedurende die liedjie "Rooftops" van Jesus Culture, toe ons "gepraise en worship" het, het ek uitgebars in onophoudende trane. Dit het aangehou tot lank na die liedjie geëindig het. Maar wees gerus, dit was trane van blydschap en nie seerkry nie. Dit het gevoel asof ek vrygemaak is en uiteindelik die Here raakgesien het vir die eerste keer.

Ek weet nie hoe om dit te verduidelik nie en ook nie hoe om die emosies te "pinpoint" nie. Al wat ek kan sê is dit is die mees "amazingste" gevoel ooit. Ek wil graag hê elke persoon op aarde moet dit beleef, die HERE beleef.

Ek het geluister na al die ander mense se "testimonies" met droë oë en 'n "numb" gevoel in my lyf. Dit het my laat voel my testimony maak nie saak teen hulle "amazing" stories nie. Toe kom ek agter dat, al is dit die kleinste verandering wat jy maak om Hom te volg, maak dit die grootste verskil!

Ek het regtig groot geskrik toe ek agterkom ek is net 'n "fan" van God en nie Sy "follower" nie. Ek het skuldig gevoel, so skuldig dat ek net weer stil geword het. So skuldig, ek was skaam. Die Here het toe daai verander in liefde, blydschap en vreugde vir Hom. Hy het vir my vrede in my hart gegee.

Ek wil nou leef **vir** Hom, **deur** Hom en **in** Hom. Ek wil ander mense na Hom toe lei sodat hulle ook dit kan beleef.

Ek wil net vir die Here dankie sê, dankie dat Hy my oë oopgemaak het en dankie dat Hy my na die kamp toe gestuur het om daai mense te ontmoet sodat hulle my lewe kon beïnvloed.

Dit is nou die Maandag na die kamp en ek voel die verskil in my. Die liedjies en hulle woorde vibreer nog deur my asof die orkes voor my staan. Die boodskappe sit vas op my en verdwyn nie in my agterkop nie. Ek kan nie ophou praat daarvoor nie. En ek is baie dankbaar daarvoor.

Ek het nog so met my een vriendin gepraat, toe vra sy vir my: "Wat beteken dit nou eintlik om jou hart vir die Here te gee?" en ek het haar die antwoord gegee terwyl ek dink: "Ek ken haar al so lank en ek het nooit geweet dat sy nie weet nie!". Ek weet nou ek kan mense help en lei op die regte pad.

"This is my testimony, however small, but true and I am proud to be a child of God. A follower and not a fan. And all that I want to say is: "Here I am, I stand with arms wide open, to the One the Son, the everlasting God. THE EVERLASTING GOD!"

Amen

Lizeri van der Berg